PERSVRYSTELLING

KERKE DRING AAN OP AKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTUUR VAN GEWELD IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Terwyl ons as familie van kerke bewus is van die kompleksiteit van Suid-Afrika se misdaad- en geweldsituasie, het dié verskynsel in die laaste paar weke so toegeneem in omvang en intensiteit dat ons van die kerk se kant moet aandring op ernstige hoëvlak-samesprekings en dringende aksie aangaande die saak.

Ons is bewus daarvan dat geweld en misdaad ernstige vlakke bereik in baie lande. Verder is ons ook daarvan bewus dat daar in ons eie situasie verskeie faktore is soos armoede wat die probleem vererger. Tog is dit nie regverdiging vir die omvang en intensiteit van misdaad wat ons tans sien nie.

Geweld tas die beginsel van menseregte ten diepste aan en bedreig die demokratiese Handves vir Regte wat fundamenteel elke individu beskerm.
Ons sien en ervaar die impak van passasiers wat op voorstedelike treine beroof word, naak uitgetrek, verneder en by treine uitgegooi word; stakers wat mense wat wil werk met bakstene aanrand; die hoeveelste polisielid wat die afgelope weke in die Kaapstad-omgewing vermoor is; 'n jong kind, kleindogter van 'n regter, wat bloot deur inbrekers vermoor word; 'n plaasboer en sy vrou wie se voete in kookwater gedruk en voetsole afgesny word; diere wat vermink word; 'n rits mense wat die afgelope weke sinloos vermoor is sonder dat iets gesteel is; gesins- en huishoudelike geweld wat onder alle groepe en lae van die samelewing astronomiese afmetings aanneem; geweld teen vroue en kinders wat onomkeerbaar blyk te wees.

Die wese van ons demokrasie word ernstig bedreig. Mense wat geveg het vir vryheid en geregtigheid, is nie vry nie en ervaar nie geregtigheid nie. Vir ons as Christene kom die ganse boodskap van die Evangelie in gedrang.

Ons dring aan op gesprek met die owerheid ten einde indringend oor die saak in gesprek te tree. Terwyl ons waardering het vir wat gedoen word en begrip het vir die dilemmas waarmee die owerheid en wetstoepassers soms sit, hoor en sien ons nie 'n sterk genoeg "**nee**" vir misdaad en geweld nie. Die houding van "**zero-toleransie**" teen enige vorm van misdaad, hoe groot of klein is nie ferm genoeg nie.

Ons weet ook dat die owerheid nie op hul eie die hele probleem kan oplos nie. Ons sal as burgerlike gemeenskappe hieroor moet praat en verantwoordelikheid vir ons eie gemeenskappe moet aanvaar.

Ons is oortuig dat die Christene en kerke van hierdie land nie die situasie so kan laat nie. As familie van kerke wil ons onsself verbind.om saam met ander kerke en instansies te werk aan die vorming van 'n samelewing met duidelike en sterk morele en gemeenskapswaardes:

- Ons wil in gesprek gaan met ander kerke, Christelike organisasies en leiers van ander gelowe in verband met 'n beraad van godsdiensleiers oor hierdie saak. By so 'n beraad kan gesamentlike strategieë bespreek en planne beraam word vir optrede.
- Ons wil ook met die ander kerke praat oor wyses hoe ons as gelowiges slagoffers kan ondersteun.
- Ons sal ook wil saam die ander kerke gesprekke met die owerhede – nasionaal en plaaslik – oor die saak wil voer. 'n Gesprek met die Minister van Veiligheid en Sekuriteit is dringend nodig.
- Ons gaan ook ons gemeentes vra om te besin oor wat hulle op plaaslike vlak aangaande die probleem kan doen.
- Ons gaan in die volgende weke, en veral in Pinkstertyd, voor God in gebed met hierdie saak staan.

Ons vertrou dat die saak van geweld en misdaad as 'n saak van uiterste belang bejeen sal word en dat alle partye aktief sal meewerk om dit op alle vlakke teen te werk.

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA)
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)
Reformed Church in Africa (RCA)
Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK)

Mei 2006

(Navrae kan gerig word aan dr Coenie Burger – 0823765610)